

Die Stryd om die Troon

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B332b

Skriflesing uit: Open. 12:1 – 17

Kernvers: 10 – ‘Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.’

Miskien is dit al ‘n bietjie afgesaag as ek vir u sê dat die wêreld nader sy einde.... En dat dit omtrent ‘n minuut voor middernag is? En dan sal dit sluitingstyd wees.

As ‘n mens jou ‘n skaakspel kan voorstel met die twee spelers en daar reg in die begin wanneer al die pionne nog op die bord is, kan die toeskouer nie sien wat aangaan nie, maar as die spel na sy einde begin gaan, raak dit al hoe duideliker wie in die moeilikheid is.

Geliefdes, netso is daar op die oomblik ‘n geweldige stryd aan die gang in die wêreld, op die aarde en in die lug. Die stryd gaan om die troon vir hierdie wêreld – wie s’n gaan dit wees?

Die Here alleen sal vir ‘n mens dit kan laat sien; hoedat die mense ook soos pionne is in hierdie geveg wat vinnig besig is om na sy einde te snel. Ons moet hierdie stryd in die onsienlike sien.

Hierdie aanskoulike toneel wat vir ons in Open.12 beskryf is sowel as in Ef.6 is vir ons so duidelik dat dit n geweldige stryd is... nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose geeste in die lug, teen die owerhede, magte en wêreldheersers van hierdie eeu.

Hierdie stryd om die Troon is ‘n uitgemaakte saak – Jesus gáán kom om te regeer; maar wie gaan saam met Hom regeer?

Dis daardie volwassenheid, die groei tot volle seunskap waarvoor die Here wag vir Sy kerk en onder Sy kinders. Daar is dus nie tyd om te speel nie, want die duiwel het neergedaal met groot woede omdat hy weet dat sy tyd kort is.

Mag God ons die genade gee om in hierdie tyd te besef wat die hoë roeping van God is in Christus Jesus vir Sy kinders – ons is nie gered net om hemel toe te gaan nie maar om te heers saam met Jesus Christus onse Here!